

(Foto: Fotokuns)


**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c



# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* — *In U lig sien ons die lig*

JAARGANG XXV — VRYDAG 21 AUGUSTUS 1970 — NR. 11



J. Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom*
Telefoon 5319
VIR PUKKE
DIE FIETSWINKEL


# Uittog uit Pukkieland: Geesdrif loop hoog

Hoofdirigent Ockie Raubenheimer (links) en sy onderdirigent Koos Kruger wens mekaar geluk nadat hulle verkies is.
(Foto: Fotokuns)



**„O KOVSIE JY, o Kovsie jy ek sal jou kry!" sing die Pukke reeds die afgelope twee weke. Elke Puk, van die sedigste tokkelok tot die mees idealistiese eerstejaar lewe in 'n aura van afwagting wat vanaand op die Intervarsity-trein sal losbars in uitbundige sang. Die gees wat die laaste paar dae stelselmatig opgebou is, het opgewondenheid oor die kampus gesaai en die koshuise gevul. En as dit van hierdie gees afhang, gaan ons die Kovsies in die stof loop.**

Vanoggend het die wiele reeds begin draai in die rigting van Kovsieland. Die Pukbus en etlike kombi's, volgelaai met tennis-, tafeltennis-, skaak- en pluimbalspelers, landlopers, stoeiers, judokas, skermers en die lede van die skynhof, almal gewapen vir die stryd, het vertrek.

**Pukleeus**

**Om twee-uur het ons groot helde vertrek — die rugbyspanne — en as alles goed afgeloop het, sit ons sterk leeus nou al op Bloemfontein hulle tande en slyp vir die Kovsiekatte.**

Die Pukmassa sal vanaand Cachet oorstroom om half-elf weggevoer te word in die Intervarsitytrein. Maar één so 'n trein! Saterdagoggend half-sewe sal ons op Bloemfontein wees.

Om half-agt Saterdagoggend word daar toebroodjies en koffie aan deelnemers en toeskouers verskaf by Reitz-eetsaal. Middagete sal slegs vir deelnemers aangebied word by die onderskeie koshuise waar hulle hul sal aanmeld. (Kennisgewings in verband hiermee is ter insae op alle Puk-kennisgewingborde.) Om 6 nm. sal aandete aan almal verskaf word op die rugbyveld.

**Vertrektyd**

Saterdagaand is daar 'n vleisbraaiery waarheen alle eerstespankapteins en -afrigters uitgenooi is. 'n Rolprentvertoning in die landbousaal en ander vermaaklikhede word vir Saterdagaand gereël.

**Deelnemers wat met die bus en kombi's vervoer is, moet hulle Saterdagaand stiptelik om 10.30 weer by hul onderskeie voertuie aanmeld. Die trein vertrek weer vanaf Bloemfontein om 10.45 nm. en arriveer omtrent half-sewe Son-**

★ *Vervolg op bladsy 2*

## Daar he'jy dit



**SAL DAAR WEER VANJAAR 'N KOMMISSIE WEES?**

# *Tokkelokdirigente voorspel 'n Pukoorwinning*

**SOOS EEN MAN het die massa gejuig by die bekendmaking van hul nuwe dirigente vir 1970. Dit was duidelik dat hierdie twee onmoontlike tokkelokke die Pukke se harte gou-gou gesteel het.**

Onse „liewe, liewe klein Ockie" het reeds vorige ondervinding opgedoen as dirigent toe hy op skool was. Ondervinding of nie, as hierdie klein mannetjie met die groot gees eers begin spring en „laat waai" met die kuif dan lyfspring die Puk rond soos nog nooit te vore nie!

Wat Ockie betref, voel dit vir hom of die Pukke al klaar gewen het. Hy wil egter dat die Puk op die veld en die pawiljoen wen en dit kan gedoen word „want ons gees is reg".

**Ondervinding**

(Kaffer) Kruger. Op die vraag of hy reeds vorige ondervinding opgedoen het, volg die antwoord dadelik: „Hm ja, ek was koorleier van die salvation army!"

Koos voel dat die beste span sal wen . . . „Maar as alles gepaard gaan met geloof dan is jy onoorwonnelik".

Dit lyk nie of die ou juis bang was dat hy gevang sou word nie want „daar is genoeg klippe by die treinspoor".

Hy glo vas dat die Puk se gees hom nie môre in die steek sal laat nie en dat alles 'n hoogtepunt sal bereik.

Van die kant van die dirigente: LAAT WAAI!!


**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377
**STUDENTE APTEEK**

# ONTSPANNING VOOR DIE GROOT BLOKTYD

**SKRIKWEKKENDE GEDAGTE! As die intervarsity verby is, dan is die einde van die jaar so te sê hier, en natuurlik dit wat daarmee saamgaan: swot, skryf; nogmaals swot en skryf.**

Maar moedhou, twee klein ligstraaltjies skemer deur vir die studente wat nou al weet dat hulle beslis 'n vakansie gaan nodig hê voor die regtige groot skryf kom. En met hierdie vakansie word nie bedoel die bloktyd wat deur menigeen tog meer as 'n vakansie beskou word nie. O nee, daar is spesiaal voorsiening gemaak vir so 'n kort, maar doeltreffende ruskansie.

**Lentefees**

In 'n onderhoud het mnr. Kobus van der Walt het hy gesê dat alhoewel die nuwe A.O.B. vir die Lentefees verantwoordelik sal wees, daar geen rede is hoekom dit nie gehou sal word nie. Waar dit sal wees, en al die ander besonderhede in verband met hierdie uitstappie sal bekend gemaak word sodra die nuwe bestuur aangewys is.

Florna het ook nog glad nie genoeg uitstappies gereël nie, maar mnr. Van der Walt het beslis verklaar dat die einde nog nie in sig is nie.

**Daar word weer so 'n uitstappie beplan soos dié van vroeër die jaar na die Magaliesberge. Die groot probleem wat die planne in die wiele wil ry, is die toetse, maar as die toetsroosters eers bestudeer is, dan is die moontlikheid dat daar wel 'n geskikte naweek gevind sal word, baie groot.**

**Rusbelange**

Moet dus nie te bekommerd wees dat daar van na die intervarsity af net die groot swot gaan wees met geen onderbrekings nie. Die rusbelange van die studente word wel deeglik op die hart gedra, en van owerheidsweë sal toegesien word dat die genoemde uitstappies genoeg ontspanning verskaf om die studente weer met nuwe moed vir die volgende reeks te vul.


A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074



SOMER- EN WINTERMATERIALE

van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente

BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM

Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321



PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5474



Fotokuns

Foon 5985 — Tomstraat

1. Na 'n lang tyd van siekte is ons FOTOSTATIESE MASJIEN nou weer gesond: Afdrukke binne enkele minute en ONS doen die werk.
2. Ons sal binnekort die beroemde, langasem, VARTA BATTERYE in voorraad hê.
3. Geluidsbande — klankbande — sound tapes — of wat mens hulle ook al noem: Ons het voorraad van 3" tot 7" groottes, asook die kassette tipe.

ALMAL TEEN VERMINDERDE PRYSE

4. Nog 'n laaste ding wat ons julle op die hart wil druk: Moenie tot Kersfees wag om KLASGROEPFOTO'S te laat neem nie. Maak NOU 'n afspraak ! ! !

ieintervarsitywendieintervarsitywendieintervarsitywendieintervarsitywendieinter


# OOR DIE ONDERDEUR

ORAL sien ek julle — die gelukkige paartjies slependes of verloofdes hand aan hand — onder die donker bome op pad sing-songs toe, min gepla deur smeergevare wat om julle dreig, met laggende oë op die intervarsitytrein, en hand-om-die-lyf, al juigende, op die pawiljoen.

En in die rep en roer van intervarsity kan 'n mens tog nie anders as om 'n skitterende klippie hier en daar raak te sien nie — *Elizabeth Bond* s'n kom van haar reus *Jaap van Reenen*, en *Wilma Meyer* en *Hennie le Roux* vorder sommer vinnig — verlief, verloof... **en so aan.**

Vir *Annemarie Greeff* is dit nie net 'n diamant nie, maar die bykomende opwinding van 'n romantiese blou lugmaguniform aan die persoon van *Giel Engelbrecht* wat so lekker heen en weer vlieg.

*Annelise Euser* moet net nie probeer om *Matty Gibbs* ook sielkundig te ontleed nie, maar wat, as dit eers by 'n verloofring kom, werk almal se sielkunde seker eenders.

Ja, noudat intervarsity die aandag so in beslag neem, het ons al lank vergeet van sulke dinge soos Thalia-slepe — maar ons onthou darem nog hoe *Thinus Jacobsz* en *Alida Reynecke* hulle **driejarige** sleepdag gevier het, en *Ingrid Lange* en *Solly Thomas* het dwarsdeur die toer gesleep, van Vryburg tot Tzaneen en dwarsdeur Ladysmith. En oral waar **húlle nie** grondgevat het nie, het *Hoender* en *Vaatjie*, ag, **ekskuus tog, *Thys*** *du Preez* en *Anné Schoeman* dit wel gedoen. O ja, hoe kan ons tog vir *Winnie Coetzee* en *Dup du Plessis* **vergeet!**

Wat nog te sê van *Marié van Vuuren* en *Ricks de Lange* wat al van die vrugtefees **af aan die lewe** bly van liefde en koue water.

Vrydag sal al wat op wiele is begin skarnier na Kovsieland.

*Sunette Nel* gaan saam met haar splinternuwe ses voet vier sleep *Ficka* van Drakenstein, en *Annatjie Heslinga* saam met *Wiel*, ag, ek bedoel *Willem Pelser*. (Dankie dat jy Klawerhof so mooi **bewaak het** in die donker ure van die nag Wiel!). *Betsie Arnold* van Heide ry saam met haar *Ivan (Kruger) van der Walt* **trein.**

Simpatie aan dié wat intervarsity eensaam sal moet deurbring wat sleepaksies betref, veral aan *Lila* nou dat *Cas Badenhorst* so skielik verdwyn het van die plaas af. Die verlange loop **ver...**

Om te dink dat die skakery 'n mens se sleepaksies so kan omkrap — *Ockie Raubenheimer* vra hoe 'n mens dan moet sleep met vyf of ses oppassers om jou heen!

*Sleep* en *gees*. Prof. Herrie sou gesê het dis 'n goeie voorbeeld van assonansie. Laat sleep en gees vang dan maar hierdie intervarsity sinoniem word: slepers, VANG GEES!

Ek gaan nou skarnier. Totsiens.

# SIMPOSIUM OOR MAGTE EN IDEOLOGIEË

**VANDAG VIND die vierde jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die universiteit plaas, met as sentrale tema: magte en ideologieë van ons tyd.**

Die doel hiervan is om veral aandag te gee aan die groot lewensbeskoulike magte wat vorm gee aan ons tyd en aan die wêreld waarin Suid-Afrika sy weg moet vind. Hierdie tema pas ook aan by die tema van die eerste simposium, nl. Suid-Afrika in die veranderde wêreld.

Die vier referente is: Prof. W. J. de Klerk, hoof van die departement Interfakultêre Wysbegeerte en professor in Psigologie; prof. T. van der Walt, hoogleraar in Nieu-Testamentiese vakke van die Teologiese Skool; prof. J. H. Coetzee, hoof departement Volkekunde, en mnr. J. A. du Plessis, dosent in Wysbegeerte aan die Randse Afrikaanse **Universiteit.**

Simposiumgangers het weer van oor die hele Republiek na die byeenkoms gekom, waaronder 'n groot hoeveelheid Rapportryers. Die referate sal kort na die simposium in druk verskyn.


CACHET APTEEK

DIE STUDENTE-APTEEK

Agente vir:

REVLON- EN RIMMEL- SKOONHEIDSPERPARATE

TABAC- SKEERPREPARATE VIR MANS

Kom oortuig uself van ons onoortreflike diens

FOON 4201

TOMSTRAAT 92.

Groot genoeg om te bedien — Klein genoeg om u te ken.


# NUWE PRESIDENT

DIE JONGSTE ekonomiese vereniging-bestuursvergadering het nogal vir 'n groot verrassing gesorg.

Die erepresident van die afgelope agt jaar moes sy plek afstaan aan mnr. R. B. Fourie. Die bestuur beskou die nuwe bloed as 'n gesonde toedrag van sake, veral gesien in die lig van die nuwe Sentrale Akademiese Bestuur wat eersdaags in werking sal tree.

# KORPS NOOI WITS VIR GESPREK

**NA DIE WAPAD verneem sal daar op 26 Augustus 'n heel interessante Korpsvergadering plaasvind, waarskynlik die eerste van sy soort in die geskiedenis van die Puk.**

Studente van Rau, Tuks, Wits en Puk sal deelneem aan die verrigtinge. Dit is die eerste keer dat Wits aan so iets sal deelneem.

Die doel daarvan is om 'n ope gesprek tussen studente van verskillende standpunte te stimuleer, wat veral nodig beskou word in die tyd waarin ons leef. Dit word dan ook duidelik gestel dat die vergadering nie belê is om verskillende standpunte tenoor mekaar af te maak nie, maar eerder om op volwasse wyse van mekaar se standpunte kennis te neem.

**Vergadering**

Die vergadering bestaan uit twee dele. Die middag sal die verskillende universiteite teenoor mekaar optree en die aand sal die middag se bespreking voortgesit word deur proff. D. H. Wiid, J. D. van der Vyver, T. van der Walt en mnr. L. Suzman met Morkel van Tonder as gespreksleier.

Beide vergaderings tel vir die kleurpunt.

# GEESDRIF LOOP HOOG

★ *Vervolg van bladsy 1*

**dagoggend weer op Cachet.**

Geen slaapplek word vanaand in koshuise op Bloemfontein aan nie-deelnemers verskaf nie.

Die Pukke het hierdie jaar baie hard geoefen en die spangees is wat dit behoort te wees. As dit van die keelspiere van die Pukmassa afhang, gaan ons ons manne oor die doellyn dra. Die feit dat ons teen Natal verloor het, het 'n stimulerende effek gehad, en as ons in aanmerking neem dat ons die Kovsies in Rhodesië geklop het, behoort dit ons verwagtinge nog hoër te stoot.

# APTEKERS HOU KONGRES

**DIE sewentiende algemene jaarvergadering van die algemene raad van die Suid-Afrikaanse Aptekerstudentefederasie is die afgelope vakansie met groot welslae en goeie gevolg in Port Elizabeth gehou. Die P.A.S.V. het elf afgevaardigdes na die kongres gestuur, waarvan twee op die uitvoerende komitee gedien het. Nog 'n verdere sewe lede het as ondersteuners saamgegaan.**

Die doel van die kongres is om om te sien na die belange van alle aptekerstudente, en ook om skakeling met die aptekerskommissie te behou. Die kongres is ook bygewoon deur die huidige president van die kommissie, mnr. Pannall.

Alle mosies wat deur die P.A.S.V. aan die kommissie voorgelê is, is ingestem. Hieronder was voorstellings vir die verandering van die voorgestelde goedgekeurde aptekersembleem na die internasionale kruisembleem, die keuring van farmasiestudente, en om die bestryding van drogisme nouer by die leerplan te betrek.


**Kontak**

Hierdie studentefederasie bied 'n geleentheid om beter kontak te maak met ander aptekerstudente deur die Republiek, asook op internasionale vlak. Onder die kongresgangers was daar inderdaad dan ook 'n student uit Denemarke, en een uit Duitsland.

'n Groot eer het die P.A.S.V. te beurt geval deurdat drie lede gekies is op die uitvoerende komitee van die S.A.A.S.F., nl. Pierre Venter (president), Louis Markgraaff (vise-president), en Phil Steyn (addisionele lid). Wim Raubenheimer het die Nic Scheepers toekenning verower vir die beste afgevaardigde op die kongres.

Jaarliks word daar ook 'n internasionale kongres gehou waarna Suid-Afrika twee afgevaardigdes mag stuur. Hierdie jaar was die kongres in Berlyn, en Barry de Lange van die P.A.S.V. was een van die afgevaardigdes. Binnekort spreek hy die aptekerstudente toe oor sy ondervindinge aldaar.

# *Hoekom sien 'n mens dit nooit op die groot brêg nie?*




# VOORSITTERS VOER SAMESPREKINGS

**Voorsitters van die akademiese verenigings voer samesprekings met lede van die Studenteraad vir die stigting van die voorgestelde Sentraal Akademiese Bestuur.**

**(Foto: Fotokuns)**



# AANDAG S.R.-KANDIDATE!

**ALLE PERSONE wat hulle verkiesbaar gaan stel vir die komende Studenteraadsverkiesing moet noukeurig op die volgende let: Foto's moet by Fotokuns geneem word voor of op 22 Augustus. Fotokuns sal self die foto aan Die Wapad besorg. Die volgende items moet in Die Wapad se bussie by die Studenteraadskantoor geplaas word nie later as Maandag 24 Augustus om 6 nm. nie:**

1. **'n Getikte (dubbelspasiëring) opsomming van al die liggame en/of verenigings op die bestuur waarvan die betrokke nominant gedien het vandat hy ingeskryf het as student.**
2. **Sy voorletters, noemnaam en van, asook sy kursus en die jaar van eerste inskrywing. Bv.: P. (Piet) Pompies. B.A. III. 1967.**
3. **Die naam van die betrokke hoofliggaam waarvoor hy genomineer is.**
4. **'n Beleidsverklaring van hoogstens vyf-en-sewentig woorde. Hierdie lg. is 'n nuwe gebruik wat eers van vanjaar af geld.**

**Kandidate wat nie betyds al die bg. items in dubbelspasiëring getik op die voorgeskrewe tyd in Die Wapad bussie besorg nie, se foto en beleidsverklaring sal beslis nie in Die Wapad verskyn nie.**

**Kandidate vir die pos van Saudenteraadsvoorsitter word nie beperk wat betref die lengte van hul beleidsverklaring nie.**

Geniet

WILLARDS-SKYFIES

Asook

KAASKRULLE, FLINGS, SPRINGMIELIES, en SKYFIES

# *Plaaslike kuns*

**MAANDAGAAND, 17 Augustus, is die jaarlikse Salon van plaaslike kunstenaars se werk geopen deur dr. P. W. Buys. Baie werk is ingeskryf maar alhoewel die kunsvereniging hulle bes probeer het om almal te aanvaar, het 'n paar weens gebrek aan ruimte agtergebly. Dr. G. M. Ballot is egter verheug oor die toenemende belangstelling, veral van die kant van die studente. Hy wil graag dat alle studente 'n aandeel aan kunsaktiwiteite moet hê.**

Dr. Buys het klem daarop gelê dat die kunstenaars, al is hulle werk nie altyd van die hoogste gehalte nie, tog bewonder moet word vir die moed wat hulle aan die dag gelê het om tòg iets in te skryf en vir die feit dat hulle hul talente na die beste van hulle vermoë beoefen.

Oor die algemeen is die skilderye baie realisties met hier en daar 'n uitsondering. Daar is ook 'n paar stukke batik-, beeldhou-, emalje- en koper-, asook kunsnaaldwerk. Skilderye wat opgeval het, was bv. dié van mev. Titia Ballot, en ook van mnr. Charles Wilcocks.

Vier u groot geleentheid met Rentmeester

'n Verlowing. Bevordering. Huwelik. Baba. Elke lewe het sy groot oomblikke. Hoe kan 'n mens jou geluk 'n bietjie meer permanent maak? Raadpleeg Rentmeester. Elke Rentmeester-polis beteken 'n bestendiger toekoms. Vier dus u volgende groot geleentheid met Rentmeester. Dan is u van lewenslange gemoedsrus verseker.

Rentmeester

VERSEKERAARS BEPERK

Hoofkantoor: Rentmeestergebou, Bosmanstraat 219, Pretoria. Tel. 3-1258

VOLLEDIGE BEPLANDE LEWENSVERSEKERING VERSKAF GEMOEDSRUS

adverto 4129/a

die WAPAD

VRYDAG 21 AUGUSTUS 1970

# Intervarsity

AS die geesdrif en belangstelling wat daar vir môre se stryd teen die Kovsies op die sportvelde heers, as maatstaf geneem word, kan hierdie intervarsity nie anders as om 'n groot oomblik te wees nie. Groot in die sin dat elke inrigting slegs sy beste sal lewer om die naam van sy Alma Mater hoog te hou.

Intervarsity behels egter veel meer as die meedoënlose wedywering om die eerste plek. En juis daarom is ons so dankbaar om die Kovsies as intervarsity-teenstanders te hê, want ons het baie in gemeen. Dit bring mee dat vriendskapsbande gesluit word wat standhou lank nadat die hitte van die stryd vergeet is.

Wie ook al die stryd wen, laat ware sportmanskap die afloop van hierdie groot oomblik kenmerk. Nie alleen in ons vreugde oor 'n Pukoorwinning nie, maar in die ander geval, ook op die wyse waarop ons die Kovsie-oorwinnaars die hand gee.

# Nuwe verkiesingsmetodes

LAE stempersentasies by S.R.-verkiesings is 'n landswye verskynsel. Die toestand dat slegs 'n klein deel van die studentemassa hulle belangebehartigers aanwys is skadelik vir die georganiseerde studentelewe en hartlike samewerking tussen Studenteraad en studentemassa. Die posisie van die Puk, waar die stemregvereistes hoër is as by baie ander universiteite, vererger nàtuurlik hierdie toestand. Moontlik sal die posisie enigsins verbeter met die instelling van die Sentraal-Akademiese bestuur.

Belangeloosheid by die student is 'n groot rede vir lae stempersentasies, maar daar moet gewaak word om die fout by die studente alleen te soek. Studente toon genoeg belangstelling om stemreg te verwerf, maar doen nie eers moeite om die S.R.-voorsitter te gaan aanwys nie. Hierin lê 'n teenstrydigheid wat ook gewyt kan word aan ons metode van verkiesing hou. Bekendstelling van kandidate in die Wapad en die goeie werk wat die reklamekomitee in die verband doen, is nie meer voldoende nie.

Die Puk is lank nie meer 'n plek waar 'n paar honderde studente mekaar op die voorname ken nie en die getalle is steeds besig om uit te brei. Onkunde oor kandidate dra by tot belangeloosheid en lae stempersentasies.

Daarom moet die kandidate meer en beter bekend gestel word aan die stemgeregtigdes. Die Wapad kan nie glo dat moontlikhede in hierdie opsig (en ook om die verkiesing lewendiger te maak en die massa se belangstelling te prikkel) al behoorlik ondersoek is nie.

Veral met betrekking tot die bekendstelling van kandidate vir S.R. voorsitter is daar 'n leemte wat gevul kan word. Dit kan alleen verwelkom word as hierdie persone die geleentheid gebied word om hulle beleidsstandpunte aan die massa te stel.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Dawie Swanepoel
Subredakteur: Johan Preller — tel. 6701
Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119
Politieke redaktrise: Henriëtte Murphy — tel. 3214
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Sportredakteur: Phillip Otto — tel. 2172
Asst.-Sportredakteur: Dawid van Rooyen
Kunsredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071
Fotoredakteur: Ben v. d. Walt — tel. 7088
Fotograaf: Flip Dwinger
Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel.
Spotprenttekenaar: Andre Schutte — tel.
Sirkulasiebestuurders:
Francois Kruger — tel. 2030
Louwtjie Naude — tel. 2030
Sosiale verslaggewers: Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit; Jannie Earle.
Politieke verslaggewers: Nina Venter; Katrientjie van Rensburg; Jaques Verster.
Akademiese verslaggewer: Barbera de Klerk.
Sportverslaggewers: Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk; J. du Pisani.
Kunsverslaggewers: Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.

# Sportadministrateur bepleit 'n soepeler sportbeleid

**INTERVARSITY: hoogtepunt van studentesports en studentesport. Só na lê sport die Suid-Afrikaanse student aan die hart. Maar besin ons studente ooit oor die kritieke situasie waarin Suid-Afrikaanse sport verkeer? Ons interne volkerebeleid bepaal ons internasionale sportbeleid. Vir die kritici van eersgenoemde, het sport 'n nuwe wapen geword om ons land tot 'n posisie van isolasie in die internasionale gemeenskap te dwing.**

Dit is oor hierdie konfrontasie in ons sport, dat mnr. Gert Scholtz, sekr. van die Wes-Tvlse Atletiekunie, in 'n onlangse uitgawe van Puk Nota Bene, met 'n radikaal nuwe benadering kom. Hy gaan uit van die standpunt dat apartheid self geen beginsel is nie, maar 'n middel wat aangewend word om 'n doel te bereik. Die doel in ons geval is die voortbestaan en selfbehoud van volkere, blank en nie-blank. Metodes moet soepel wees om aan te pas by veranderde tydsomstandighede.

### Onrealisties

**„Aanpassings van die metode impliseer nie noodwendig die afwyking van die doel nie". Verder is die parallelle ontwikkeling wat neerkom op totale en radikale gebiedskeiding „onrealisties en onbereikbaar".**

Sport en politiek bly steeds nou aan mekaar gekoppel. Derhalwe dra sport in ons land 'n apartheidsgees. Die Suid-Afrikaanse hou van sport: dit beklee 'n baie belangrike plek in ons leefwyse.

Totale isolasie uit die internasionale sportgeledere, sal steeds vir ons 'n seer hou bly. Dit is so dat die aanvallers van ons sport, ons beleid van afsonderlike ontwikkeling as aanvalsfront gebruik. Hul herlei dit tot diskriminasie teen die nie-blanke sportman, ofskoon op grond van die feit dat hy nie-blank is. Die internasionale liggame het baie nie-blanke lede: teenkanting van ons beleid is dus 'n logiese gevolg. As Suid-Afrikaanse sportlui op internasionale vlak meeding, is onderwerping aan die reëls en regulasies van internasionale liggame essensieel.

### Gelyke fasiliteite

Mnr. Scholtz meen dat ons beleid t.o.v. internasionale deelname ietwat onrealisties is. Die vraag ontstaan of ons beleid aanpasbaar genoeg is om die eise van deelname aan internasionale sport te beantwoord. Die skrywer meen dit is. Ons kan hierdie eise beantwoord deur die verskaffing van gelyke fasiliteite en kanse op 'n basis van meriete.

- Deur ope en billike proewe waardeur aan die nie-blanke die geleentheid gebied word om ons land te verteenwoordig as sy standaard dit regverdig.
- Deur ons bereidheid om gemengde spanne van ander lande te ontvang.

**Dit sal 'n moeilike aanpassing wees, maar dit is 'n regverdige reëling. Verder pas dit in die konsep van „groter apartheid" soos verteenwoordig in die uitwaartse beweging; die huidige reëling vir interstaatlike kontak, e.s.m. Dit is die toets vir die buigsaamheid en soepelheid van ons interne beleid.**

## Uit die Woord

### DIE GROOTSTE IN DIE KONINKRYK VAN GOD

*Lukas 9 : 46—48: „want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees".*

*Op weg na Kapernaüm, raak die dissipels aan die stry oor wie van hulle die grootste in die koninkryk sal wees. Hulle lê 'n verkeerde maatstaf aan ter beoordeling van mekaar, want hulle veronderstel dat die grootste in die koninkryk, dié man is wat die meeste gawes het, die beste prestasies, die voortreflikste werke en miskien die grootste rykdom besit.*

*So is hulle besig om 'n rangorde op te stel, soos ons dit sou aantref onder die dienare van 'n aardse koning. Dit staan verwant aan hulle verwagting omtrent die aanstaande wederoprigting van die koninkryk van Dawid, die huis van Israel, deur die (aardse) Messias. Waar Jesus alreeds sy wonders gedoen het, pas dit pragtig in by hulle aardse verwagtings en nou stry hulle al klaar wie gaan aan die linkerkant en wie aan die regterkant van Jesus se troon sit!*

*Dan neem Jesus 'n kind en laat dié tussen hulle staan. Hulle meen die man met die beste akademiese prestasies, rykdom, verstand en voortreflike werke, hy is die groot man in die koninkryk. Jesus sê: „Want wie die kleinste onder julle almal is, hy sal groot wees".*

*Jesus wil leer wat in sy koninkryk groot maak. As dit prestasie en rykdom en goeie werke was dan sou Jesus hulle nie anders geleer het nie. Maar aangesien dit nie groot maak in die koninkryk nie, leer Jesus dat die geheim van grootheid in iets anders sit. Naamlik in die verhouding waarin God Hom in sy genade, tot ons stel. As daar iets besonders aan die mens moet kleef, waardeur hy uitsteek bo die ander om groot genoem te word, verseker, dan tel hierdie kind tog nie!*

*En tog sê Jesus is hierdie kind groot. „Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie" (Mark. 10 : 14). „Ontvang" beteken eintlik „omarm". Nou lèer Jesus hier dat die geheim van grootheid bestaan in die omarming van Hom wat gestuur is na hierdie wêreld. Om groot te wees in die koninkryk van die hemele beteken om verbonde te wees met Hom en met die Vader, met sy Woord en sy kerk!*

*Ons mag nie vra na die grootste nie. Christus is die Grootste en tog die minste. Christus is die Heerser en tog die dienskneg. Om ons plek in sy koninkryk te gee, moes Hy die grootste dienskneg word en Hom tot in die graf verneder. Hy is tegelyk die Lam wat geslag moes word en ook die Lam wat oorwin het! (Openb. 5 : 6). As ons saam met Hom dienskneg en diensmaagd wil wees, sal ons ook saam met Hom groot wees in die koninkryk van God om ewig met Hom te regeer oor alle skepsele!*


*„Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word" (1 Joh. 3 : 1).*

A.S.M.


## BEVESTIGING

**OP Vrydagaand 28 Augustus vind die bevestiging van ds. Frans Lion-Cachet van die Teologiese Skool in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord, tydens 'n erediens plaas. Die diens sal om 7 nm. 'n aanvang neem.**

DIE
INSLEEP RESTAURANT
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039



Koos se boodskap aan die eerste rugbyspan: Vasbyt Pukke!
(Foto: Fotokuns)



As dit nie Alabama is nie is dit Sing-Songs . . .
(Foto: Fotokuns)



Ockie Raubenheimer
(Foto: Fotokuns)








Aspirant dirigente toon hulle slag voor die Pukgehoor.
(Foto: Fotokuns)

**U kan gerus u bande versool by . . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ **NUWE en VERSOOLDE bande**

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ **GOODYEAR G 800 loopvlak**

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

**(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)**



(Foto: Fotokuns)

'n Repetisiefoto van „JAKKALSSTREKE VAN SCAPINO" wat vanaf 14 September tot 19 September deur die departement Spraakleer en Drama van die P.U. opgevoer word. Op die foto verskyn die rolverdeling met Elize Scheepers as regisseuse in die middel. Van links na regs verskyn André de Deeré, Fanie Labuschagne, Cronje Lemmer, Peanuts Swanepoel, Pieter Fourie, Susaar Eksteen en Phlip Naudé. Agter verskyn van links na regs Johan Pieterse, Alta McDonald, Peer von Pletzen, Tippie Kriel en Mariëtte Ferreira.

# SAUK-orkes sorg vir hoogtepunt in Beethoven-feesjaar

DIE HOOGTEPUNT van die Beethoven-feesjaar in Potchefstroom was baie beslis verlede Saterdagaand met die aanbieding van die S.A.U.K.-Simfonie-orkes (dirigent Edgar Cree). Die program het uit drie werke van Beethoven bestaan: Prometheus-overture, Triple Concerto vir klavier, viool en tjello en die Sewende Simfonie.

As soliste in die uitvoering van die Triple Concerto het opgetree Annie Kossman (viool), Sinie van den Brom (klavier) en Alfred Stengel (tjello). Die gehalte van die werk was deurgaans baie hoog. Aan die tegniek van die drie soliste het niks geskort nie. Dit was 'n genot om na die pianiste se vinnige klavierpassasies te luister.

## Hande klap

Dis jammer dat die gehoor (en dit het my *nie* net by Saterdagaand se konsert opgeval nie) nie weet wanneer om hande te klap nie. 'n Mens klap tog nie hande aan die einde van die bewegings van 'n concerto nie, behalwe na die laaste beweging. Dit frustreer die orkes.

Die Sewende Simfonie het vir 'n grootse afsluiting van die aand gesorg. Die akoestiek van die Totiussaal het egter veroorsaak dat die hoogtepunte in die werk nie was wat dit moes wees nie. Maar dit was nietemin genotvol om te luister.

## Inleef

Ek het net somtyds die idee gekry dat die orkes hulle nie heeltemal ingeleef het in dit wat hulle aangebied het nie — so asof dit wat hulle speel heeltemal outomaties gekom het. Maar 'n mens kon die S.A.U.K.-orkes gelukwens met die gehalte van hulle aanbieding. Dit sal beslis lank onthou word en 'n mens hoop net dat hulle volgende optrede in Potchefstroom sal wees voor die herdenking van Beethoven se driehonderdjarige geboortedag.

Nicolene Marais.


Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5038



Die winkel waar die kieskeurige dames koop.



AS TWEE GROTES SAAMSPAN KRY JY DIE WENSPAN

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.

Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.


Die Alabama-groep ontvang 'n lourierkrans van die burgemeester van Tarentaal, mnr. Koos Kruger, vir hulle puik optrede.

(Foto: Fotokuns)



# Perkamentpraatjies

# VEG OF VLUG?

DIE DIER en die mens het dit in gemeen: dat in 'n krisistyd daar òf geveg òf gevlug word. Wie gaan veg en wie gaan vlug, hang nie net van die aard van die persoon in die krisis af nie, maar ook van die omstandighede waarmee die persoon gekonfronteer word.

Uit hierdie twee byna instinktiewe reaksies, vloei nou twee benaderings voort in die kuns: ontvlugting en konfrontasie. Moet kuns vermaak of moet dit die mens konfronteer met 'n siening of interpretasie van die lewe?

Dat hierdie twispunt nog altyd onderliggend is in die strominge in die kunswêreld, blyk uit die opeenvolging van meer klem aan, nou die romantiese en dan weer die realistiese. So kry 'n mens enersyds die een musiekblyspel na die ander en andersyds die sogenaamde probleemdrama.

## Konfrontasie

Nou is dit interessant dat in ons filmbedryf daar 'n al hoe groter neiging is na die aanbieding van 'n konfrontasie met die lewe. So het ons *Katrina*, *Jannie Totsiens* en *Sien jou môre* gesien.

Al drie hierdie films was nodig. Dit het nog nooit gehelp om van probleme weg te vlug nie en daarom is 'n mens dankbaar dat ons filmmense die moed gehad het om onsself as mense in hierdie land in *Katrina* aan ons uit te wys. Aan *Kavaliers* wat so 'n bietjie die lied uit die hart gedwing het en met die oë van vandag gekyk het in *Sien jou môre*, moet 'n mens dankie sê. *Jannie Totsiens* wys aan ons siek mense uit 'n siek samelewing — mense van wie ons maklik vergeet in 'n samelewing waarin ons denkloos voortploeter.

## Ontvlugting

As ons nou kuns wil indeel in dit wat ontvlugting bied en aan dit wat konfrontasie bied, moet 'n mens nie konfrontasie sinoniem maak met moralisasie in die kuns nie. Die kunstenaar gee nie 'n lesing nie, hy interpreteer en konfronteer of hy bied die moontlikheid van ontvlugting.

En ons moenie ontvlugting in die kuns summier verwerp nie, die mens moet weet wanneer hy die behoefte het aan vlug en wanneer hy die moed het om te veg. Vir balans is altwee reaksies nodig. Dit is net dat daardie balans so dikwels ontbreek.

Ons hou nie van kuns, in watter vorm ook al, wat ons nie laat lekker voel nie. Daardie ongemaklike gevoel wat aandui dat jou brein en dieper gevoelens aan die werking is, is taboe.

## Doelloosheid

Die kunstenaar moet gaan besin oor watter reaksie hierdie tyd waarin ons lewe vra: moet hy net ontvlugting bied aan hierdie mens wat vasgevang is in verveling en doelloosheid of moet hy juis hierdie mens konfronteer met homself?

Die kunstenaar is nie iemand wat buite die gemeenskap behoort te staan nie, hy moet juis aan daardie gemeenskap waarin hy staan, iets aan te bied hê, hetsy ontvlugting, hetsy konfrontasie. Die kunstenaar is 'n mens met die verantwoordelikhede en daarvolgens moet hy handel en skep.

Daar is natuurlik 'n derde reaksie ook, die reaksie van stilstand; van passiwiteit. Miskien reageer die mens so uit spanning of angs of staan hy bloot uit onkunde en grinnik.

L. Groenewald.

# DRAMA VIR SKOLE: DIE MOEITE WERD?

**GEREËL DEUR DIE Departement Ontwikkeling, uitgevoer, geniet en gely deur die Dramadepartement — dit is die skoleprogram wat van 3 tot 7 Augustus geduur het.**

Dit was harde werk om van die voorgeskrewe werke in te studeer en die dosente en hul studente verdien lof daarvoor. *Die Sterwende Aarde* deur René Bazin is deur mej. Viljoen afgerig en dek die hoofmomente in hierdie boek oor die mens en sy aarde wat sterf. Sy het ook die baie oulike vertolking van die kleuterrympies afgerig, dit dateer omtrent uit die matriekleerlinge se voorgeskrewe werke van graad 1.

## Koorspraak

Die werklik treffende koorspraak wat uit belangrike gedigte in die Afrikaanse letterkunde bestaan, is deur prof. T. Botha afgerig. Vir die byklanke en die kostuums het die studente self gesorg. Mev. Scheepers doen twee monoloë aangrypend, een uit *Alle paaie gaan na Rome* en die ander uit *Moeder Hanna*.

## Kool

Mej. Botha, wat aan die hoof gestaan het van die skoleprogram, sê sy weet nie of die kool die sous werd is nie. Die instudering van die stuk en 'n week vir die studente weg van hulle klasse en dis al of die skoliere dit nie so waardeer nie. Hulle sou miskien liewers hulle tyd aan die werk self spandeer het maar die Universiteit word in elk geval goed bekendgestel, het sy gesê.

Die studente sèlf dink dit was lekker — wie offer nou nie met graagte so 'n paar klassies op nie!

# PUKKE MOENIE IN DIE WATER MORS NIE...

**VRA JY VIR die Pukke watter jaar is dit hierdie, dan kyk hulle jou aan asof jy 'n kraak het, en antwoord: 1970 natuurlik! Vra jy hulle om te spesifiseer dan sal hulle jou met so 'n soort kan-nie-omgee-houding sê: O, seker maar Waterjaar... en dis soos meeste van die Pukke reageer op die sg. waterjaar.**

Hoewel hulle nie juis baie opgewonde klink oor die toedrag van sake nie, is dit darem tog verblydend om te sien dat die meeste Pukke ten minste weet van die term: Waterjaar. Na alle waarskynlikheid het die liedjie: Kinders moenie in die water mors nie... groot indruk op die studente in hulle prille jeug gemaak. Elaine van der Merwe en Monica Steenkamp het op pad teekan toe in 'n streng formele onderhoud gesê dat hulle hul nie veel steur daaraan nie, maar dat hulle ook nie onnodig water mors nie en daarmee die houding van die meeste studente verteenwoordig. Sommige weet daarvan, maar dis ook al.

### OMGEE

Nouja, te oordeel aan die male sonder tal dat 'n verliefde dame vergeet om die badkrane toe te draai, wil-wil dit voorkom of daar baie is wat regtig niks omgee nie.

*Dis met trane in die oë dat die onlangse manier van kantige vrotsige geesvang bemerk is: smyt die dames papnat op pad klas toe sonder die geringste inspanning om hulle te vang! Werklik betreurenswaardige feit hierdie. En die gellings water wat verlore gaan?!*

Onthou: Waterjaar beteken nie kyk hoeveel jy kan mors nie, maar kyk hoeveel jy kan spaar.

## Uit die POSSAK

# REFLEKTOR WEER AANGEVAL

GEAGTE REDAKTEUR, Vergun my 'n paar woorde as kommentaar op die rubriekskrywer wat tans „Deur my Lens" behartig.

In die vorige uitgawe van „Die Wapad" is daar twee sake wat sy sensitiewe brein geprikkel het ten opsigte van die studentelewe, nl. die vereistes rakende die dra van kleurbaadjies en beweerde verbroedering in die A.O.B. Dit ontbreek ongelukkig aan die nodige ruimte om hierdie sake volledig te behandel, en daarom kortliks die volgende:

Daar bestaan spesiale reëls ten opsigte van die dra van kleurbaadjies deur eerstejaars op toere, welke reëls deur die S.R. gesanksioneer is en neerkom op die tydelike vergunning van kleure vir die duur van die toer alleen. Hierdie reël is ingestel omdat dit in belang van so 'n toergroep en die Universiteit is dat daar soveel moontlik eenvormigheid en samehorigheid op so 'n toer sal wees. Uit die kritiek van Reflektor blyk dit dat hy òf nie kennis dra hiervan nie òf dat hy wel kennis dra en besluit het dis inkonsekwent. Terwyl hy ooglopend 'n regstudent is, sal dit seker in sy eie belang wees om homself eers te vergewis van sy feite voordat hy kritiseer. Indien Reflektor wel kennis dra van die spesiale reëling, wil ek hom vra waarom hy dit verswyg het? Is dit dalk omdat hy geweet het dat sy kritiek niks werd is as hy die volle waarheid vertel nie?

### Ondemokraties

Wat A.O.B. betref, wat is ondemokraties in 'n stelsel waar sekere persone gekoöpteer word uit alle belangegroepe (koshuise) om op die A.O.B. te dien? Hierdie persone word juis gekoöpteer deur persone wat deur die stemgeregtigdes gekies is op die A.O.B.! Ek het gedink dis net die Amerikaners wat 'n wanbegrip van demokrasie het. Die afleiding van verbroedering wat Reflektor blykbaar uit hierdie feite maak, is miskien humoristies geslaagd maar beslis nie verdere kommentaar werd nie.

Louis Vorster.

*(Enkele té krasse sinne geskrap. — Red.).*

### Reflektor antwoord:

Geagte mnr. Vorster, Ek dank u daarvoor dat u my krediteer met die bespiegeling dat ek 'n regstudent sou wees. Vergun my enkele woorde van kommentaar op u weldeurdagte brief.

Indien u die rubriek aandagtig vir 'n tweede keer sou deurgelees het, sou dit u miskien getref het dat die opmerking t.o.v. die dra van kleurbaadjies nie slegs op eerstejaars van toepassing is nie. Dit is *hoofsaaklik* gerig op daardie persone vir wie 'n spesiale mondelinge eksamen gereël was as plaasvervanger vir die skriftelike Broseksamen *en wat toe nie opgedaag het* vir die eksamen nie.

Indien u wel kennis gedra het van hierdie feit wil ek u vra waarom *u* dit in u brief verswyg? Is dit dalk omdat u geweet het dat u kritiek niks werd is as u nie die volle waarheid vertel nie?

Ek was nie bewus van die feit dat mnr. Vorster die A.O.B. op die Studenteraad verteenwoordig nie. Sou u nou regtig gedink het ek verwar *u* met 'n Amerikaner?

Reflektor.




DIT IS mòói, hierdie gees wat homself nou op die campus vaardig gemaak het; dit is mooi om te sien hoe Koos en Ockie maneuver op die verhoog; dit is mooi om te sien hoe die stoere Totiussaal weer lewe kry; dit is mooi om te hoor hoe 'n begeesterde Puk sing; dit is mooi om 'n mooi grap te hoor.

Dit is jammer dat al hoe meer beperkings van owerheidsweë gelê word om studentebewegings aan bande te lê. Dit is tragies dat die goeie gees wat absoluut onontbeerlik is vir 'n suksesvolle intervarsity gedemp word tot twee dae (Woensdag) voor intervarsity.

Geen gees kan ontluik en tot volle wasdom ontplooi in slegs twee dae nie.

Hierdie gees, as doodgebore baba, behoort in 'n mandjie op die stoep van die owerheid geplaas te word, sodat hy homself kan verlustig aan die gevolge van sy ondeurdagte dade.

Ou Louis is genoeg, laat ons dus die owerheid nie steur in sy vaste gang nie.

Hoewel onwaarskynlik, is dit nie onmoontlik nie dat die Pukgees wat, wreed gesteur in sy ontluiking tog wonderbaarlik ontplooi het, vanaand op die trein ongekende hoogtes sal bereik en môre Kovsieland sal oorstroom soos 'n donderstorm na 'n tweejaar-lange droogte.

Wat meer waarskynlik is, is 'n definitiewe oorwinning op die paviljoen en (?) ten minste 'n herhaling van verlede jaar op die veld.

Ons leef in 'n era van revolusie en evolusie. Ek wonder nou: waarom word slegs mans as dirigente aangewys? Ons weet almal dat dit 'n ou gevestigde tradisie is, maar, ek meen, 'n oulike en paslik geklede dametjie sal nie 'n sleg weerligafleidster uitmaak nie. Die sègoed sal ons maar by die manne los, maar watter beter motivering kan daar wees vir regte intervarsity-sang as 'n dirigentes soos hierbo beskryf?

Kom, laat ons volgende jaar die Puk op die voorgrond plaas met twee manne en twee dames as dirigente!

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief..."

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria

ONS IS AMPTELIKE VERSKAFFERS VAN U UNIVERSITEIT SE KLEURE EN SPORTDRAG

POTCHEFSTROOM SE MODERNE AFDELINGSWINKEL VIR DIE FAMILIE

UNIEWINKELS

DIE BULT EN KERKSTRAAT 86(B)
POTCHEFSTROOM

# Ontmoet...

*MNR. EN MEV. G. W. Koornhof, albei verbonde aan die konservatorium van die P.U. vir C.H.O.*

*Hoewel 'n Wes-Transvaler van geboorte, het mnr. Koornhof in die Vrystaat te Ventersburg en Bloemfontein groot geword. Na matriek het hy die graad B.Mus. aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat behaal. Hierbenewens het hy die Finaal eksamen in sang, twee lisensiate in klavier en twee in orrel met lof geslaag.*

*Mnr. Koornhof begin sy onderwysloopbaan in Bethlehem, waar hy na etlike maande 'n pos as dosent by U.O.V.S. aanvaar. Nog steeds in Bloemfontein, word hy aangestel as hoof van die musiekafdeling van die Tegniese Kollege aldaar. Ook Stellenbosch was vereer met sy teenwoordigheid, totdat Potchefstroom hom teruggeroep het Noorde toe waar hy tans 'n seniorpos beklee.*

*Mnr. Koornhof is lid van die uitvoerende bestuur van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Musiekonderwys (S.A.V.M.O.), en een van die vier lede van 'n ad hoc-komitee van die betrokke vereniging om musiekonderwys te ondersoek. Hy is organiseerder van die S.A.V.M.O. se orkeskursus vir die jeug die afgelope vyf jaar. Die doel van hierdie kursus is „...om orkesmusiek in die algemeen en die speel van instrumente sodanig aan te moedig dat ons ons eie orkeste met eie spelers kan voed". Verder is hy lid van Unisa se musiekkomitee.*

### Suiwer kerkmusiek

*Mnr. Koornhof het beslag gegee aan die Diploma vir Kerkorreliste wat tans gedoseer word. Dit is 'n uitbreiding en verbetering op die ou kursus vir kerkorreliste. Die diploma sluit onder andere onderrig in Liturgie, Kerkmusiekgeskiedenis en suiwer kerkmusiek in.*

*Sy diepgaande kennis van orrels word weerspieël in die feit dat hy al vyf-en-twintig orrels gespesifiseer het. Hy tree heel dikwels by kunswedstryde op as beoordelaar vir instrumentaal en vokaal.*

*Mev. Koornhof het in die distrik Frankfort op 'n plaas groot geword. Waarskynlik hier wat sy haar liefde vir diere geërf het — die gesin besit nie minder as vier honde, 'n aantal duiwe en 'n marmot nie;*

*Sy begin haar opleiding by U.O.V.S., waar sy die graad B.Mus. behaal het. Hier het o.a. haar man vir haar klas gegee. Sy slaag in Honneurs met lof op die Puk.*

### Vier lisensiate

*Mev. Koornhof is in besit van vier Lisensiate in klavier en twee in orrel en het almal met lof geslaag (hierdie brokkie inligting moes ons agter 'n beskeie mevrou se rug uitsnuffel!). Vir haar voordragslisensiaat in klavier het sy destyds die hoogste punte in die land behaal.*

*Sy begin haar onderwysloopbaan in Bethlehem. Hierna aanvaar sy poste by die B.O.K. en U.O.V.S. onderskeidelik. Saam met haar man het sy Noorde toe gekom waar ook sy by die Konservatorium ingeval het. Sy is bevorder tot lektrise vanaf 1971.*

*Mev. Koornhof is sekretaresse van die plaaslike tak van die S.A. V.M.O.*

*Dan natuurlik is daar die negejarige klein Piet — 'n klein bondeltjie vol groot vioottalent. Hy het op vyf-en-'n half jaar begin viool neem en het alreeds groot hoogtes bereik. Op 'n onlangse konsertfees vir die jeug in Johannesburg het hy saam met die Simfonieorkes opgetree. Hy het die Concerto in A mineur van Vivaldi gespeel. Daarbenewens het hy al 'n hele aantal A en A+ simbole op kunswedstryde in klavier, sang en viool behaal.*

*Voorwaar drie musikale inwoners van die „koepelhuis" hierdie!*

# REËLINGS VIR MÔRE

**MORE vind die groot uittog na Bloemfontein weer plaas en 'n magdom reëlings gaan gewoonlik daarmee gepaard.**

Verskeie sportmanne is reeds in Bloemfontein, maar die groot uittog vind eers vanaand plaas, as die trein om 10.30 nm. vanaf Cachetstasie vertrek. Na verwagting behoort die trein om 6.30 vm. in Bloemfontein aan te kom.

Volgens mnr. Piet Brandt, sekretaris van die Sportinstituut, word ontbyt en aandete aan alle toeskouers en deelnemers bedien. Ontbyt word by die Reitz-eetsaal en aandete op die rugbyveld bedien.

Slegs deelnemers geniet middagete by die onderskeie koshuise, waar hulle veronderstel is om aan te trek. Die koshuisrugbyspanne geniet middagete by die koshuise teen wie hulle speel.

Die volgende klubs moet by die volgende koshuise aanmeld:
Tennis — Mans: De Wetkoshuis. Dames: Van der Merwekoshuis.
Landloop — Mans: De Wetkoshuis. Dames: Kestellkoshuis.
Tafeltennis — Mans: Vishuis. Dames: E. Hobhousekoshuis.
Skerm — Mans: Vishuis. Dames: Steynkoshuis.
Stoei — Mans: Reitz-kamerwonings.
Judo — Mans: Huis-Malherbe.
Pluimbal — Mans: Huis-Malherbe. Dames: Steynkoshuis.
Skaak — Mans: Verwoerdkoshuis.
Skynhof — Mans: Verwoerdkoshuis.
Manshokkie — Vishuis Annex.
Gholf — Mans: Huis-Malherbe.
Netbal — Dames:
P.U. I en II — Steynkoshuis.
Heide — Steynskoshuis.
Oosterhof, Karlien en Klawerhof — Kestellkoshuis.
Dameshokkie:
P.U. I en II en Oosterhof — E. Hobhousekoshuis.
Klawerhof, Heide en Karlien — Van der Merwekoshuis.

Alle goeie dinge kom egter tot 'n einde en die trein vertrek weer vanaf Bloemfontein om 10.45 nm. en kom Sondagoggend 6.30 vm. op Cachetstasie aan.

# PUKKE WAT PRESTEER

# Stoeispringbokke

**DIE STOEIKLUB is deesdae een van die Puk se spogklubs, en belowende stoeiers van heinde en ver, trek deesdae op die Puk. Geen klub kry egter elke jaar so 'n vet oes by as vanjaar, toe die Pukke twee nuwe Springbokke, in dieselfde gewigsafdeling ryker geword het nie. Bertie Smith en Danie Greef het albei vanjaar Suid-Afrika in die toetsreeks teen Nieu-Seeland verteenwoordig.**

Dis sommer 'n puik prestasie as mens in aanmerking neem dat Smith nog 'n junior is. Vroeër vanjaar het hy nog die Suid-Afrikaanse junior titel ingepalm.

Bertie Smith stoei reeds die afgelope tien jaar. As sewejarige is hy deur sy maats na die stoeikryt gelok en spoedig het hy vir Suidwes-Transvaal gestoei.

Die afgelope drie jaar (1967, 1968 en 1969) is hy die Transvaalse Ope-kampioen en in 1968 en 1969, was hy ook tweede op die Suid-Afrikaanse junior kampioenskappe.

Vanjaar het Smith egter sterk onder die kalklig verskyn en reeds twee keer aan die Suid-Afrikaanse proewe deelgeneem. Vroeër vanjaar moes hy aan die eindronde onttrek, as gevolg van 'n besering, en het sodoende sy kans misgeloop na die wêreldkampioenskappe.

Met die koms van die Nieu-Seelanders was hy weer na die nasionale proewe, maar is aanvanklik teleurgesteld terug huis toe. Danie Greef, met wie hy by die Wes-Transvaalse proewe afgereken het, is bo hom verkies.

Nieu-Seeland het egter drie middelgewigte saamgebring en Smith het sy welverdiende kans gekry. Die afgelope drie jaar oefen Bertie reeds saam met Alwyn Visser op Stilfontein en dit het hom baie gehelp. Sy vader staan hom ook dikwels by.

Danie Greeff, wat ook deesdae 'n bietjie deur Bertie Smith se pa gehelp word, stoei ook reeds geruime tyd vir Suidwes-Transvaal. Hy het sy Springbokkleure verdien op grond van sy harde werk gedurende die afgelope vakansie, toe hy baie intensief vir die nasionale proewe voorberei het.

Tydens die nasionale proewe het hy almal verras en uiteindelik eerste geëindig. Hy het dus sy kans voor Smith gekry, want Nieu-Seeland se derde middelgewig was eers fiks vir die derde toets.



Die Puk se stoeispringbokke, Danie Greef (links) en Bertie Smith (regs) hard besig om te oefen vir vanaand se intervarsitykragmeting. By hulle is hul afrigter en Bertie se pa, mnr. Smith.
(Foto: Fotokuns)

# PUK SE TROTS

## Groot taak wat wag

(Foto's: Fotokuns)



JIM VAN RENSBURG (KAPT.)
(flank)



SCHALK VAN DER MERWE
(heelagter)



GERRIT BOTHA
(vleuel)



CHARLES VENTER
(senter)



JANNIE BARNARD
(senter)



TIAAN COETZEE
(vleuel)



PIET ROODT
(losskakel)



HENK COETZEE
(skrumskakel)



TINY VAN ECK
(voorry)



FERDINAND POSTMA
(haker)



HENNIE COETZEE
(voorry)



BERNARD BERNARDO
(flank)



PHIL STEYN
(slot)



DAWID VAN ASWEGEN
(slot)



NEELS DE BRUIN
(agtsteman)

# INTERVARSITY: PUK KAN MÔRE GROOTSE STRYD WEN

## VOORSPELERSPEL IS SLEUTEL TOT SEGE

**MÔRE GAAN daar groot feesgevier word in Bloemfontein. Die Theos kan môre weer met die Shimlas afreken en sodoende die Puk se tweede eeu op 'n hoë noot begin. Dit sal egter fataal wees om sommer goedsmoeds 'n oorwinning vir die Pukke te voorspel.**

Die Kovsies is 'n moeilike span. Minstens nege en moontlik tien van hulle het al vir Vrystaat gespeel, met hulle grootste troefkaart in Joggie Jansen. Daarby is hulle 'n vasberade span. Verlede jaar se omstrede neerlaag is nog nie vergeet nie en wraakgedagtes dwaal in die bloutruie se gedagtes rond.

Hierdie kêrels is egter nie onoorwinlik nie. In Salisbury het die Pukke hulle reeds aapstert gegee en boonop vaar hulle nie te waffers in die Vrystaatse ligas nie. Daar is egter 'n hele paar sleutelfaktore wat 'n rol kan speel in môre se **uitslag**.

### Joggie Jansen

**Joggie Jansen hou groot gevaar vir die Theos in. As hierdie kêrel nie in toom gehou word nie, gaan daar sommer baie punte teen ons aangeteken word. Jansen is egter ook maar mens en as hy laag en hard gevat word, is die helfte van die stryd gewonne. Die Pukke se kruisverdedigers sal boonop moet toesien dat Jansen en Schlebush se breekslae nie verder gevoer word nie.**

Ukovs se grootste slaankrag lê ongetwyfeld in hulle gevaarlike driekwarte. Behalwe Jansen is Jan Schlebush self 'n bedrywige senter en Jannie Pienaar en Freek van Rooyen is gevaarlike vleuels. Veral Pienaar moet fyn dopgehou word.

As hierdie kêrels egter min van die bal te sien kry, is die angel grootliks uit die Kovsies se stert. Die Pukke sal dus moet spook om balbesit, soos selde tevore.

### Lynstane

In die lynstane behoort die geeltruie egter hulle man te kan staan. Daan de Wet is die enigste Kovsie wat sy stem dik kan maak en Dawid van Aswegen is meer as mans genoeg vir hom.

**Daarby gee Phil Steyn se verbeterde vorm mens nog meer moed vir die Theos. In die onlangse wedstryd tussen die farmaseute en regsstudente, het hy selfs vir Van Aswegen opgekeil.**

Die Kovsiestut, Stoffel Botha, mag dalk 'n paar balle voor in die lynstaan bemeester. As Hennie Coetzee egter sy groot krag reg gebruik, is Botha se doppie gou geklink.

Besit van die losbal is net so belangrik, want die **gevaarlikste** bewegings ontstaan deesdae uit die tweede fase. Die Vrystaters beskik oor woelige losvoorspelers in Ben van Rensburg en Basie Verster en hulle gaan elke foutjie van die Pukke ten volle uitbuit.

Indien die Theos met mening inklim in die vaste los, sal die Vrystaters nie so lekker kan rondhardloop nie.

Daarby is Nic Boje deesdae nie meer so vinnig nie. As Neels de Bruin hom môre weer van sy snellers kan afkeer soos in Salisbury, gaan die tuisspan maar swaarkry. Die Pukke is nie bang vir 'n losskrum nie en in Salisbury is die Vrystaters in hierdie afdeling getroef.

Môre sal die gedagtes ook weer terugkeer na verlede jaar se hoogskopsege op Olënpark. Ukovs se heelagter, Piet Strydom, het in die Vrystaat se wedstryd teen die All Blacks, skynbaar redelik goed vertoon onder druk. Indien Jimmy van Rensburg en sy makkers hard onder sy ribbes inklim, kan hy dalk net weer knak. Geen span hou daarvan om gedurig terug te val om sy heelagter te gaan help nie.

### Skopskoene

Die Puk se heelagter, Schalk van der Merwe, is môre net so 'n sleutelfiguur. Verbroude stelskoppe kan dalk nog die Puk se **ondergang** beteken en almal sal styf duim vashou dat Van der Merwe sy skopskoene môre aan het. In die onlangse wedstryd teen R.P.M. het hy egter puik geskop en dit gee nog meer moed vir **môre**.

**Sielkunde speel net so 'n groot rol in rugby. Om intervarsity se uitslag te voorspel, is 'n amperse onmoontlikheid, want 'n gemiddelde speler vertoon dan soos 'n Springbok.**

Ek glo egter nie die Pukke is oorgerus vir môre se wedstryd nie. Almal besef hoe vasberade die Kovsies vanjaar is en hulle wil graag verlede jaar se sege herhaal. Die oorwinning in Salisbury en die Pote-debakel het egter die manne se moraal versterk.

**Die spanne is:**

*Theos:* S. van der Merwe, G. Botha, C. Venter, J. Barnard, T. Coetzee, P. Roodt, H. Coetzee, T. van Eck, F. Posthma, H. Coetzee, B. Bernard, P. Steyn, D. van Aswegen, J. van Rensburg, N. de Bruin.

*Shimlas:* P. Strydom, J. Pienaar, J. Jansen, J. Schlebush, F. van Rooyen, N. Boje (kapt.), **W. Strydom**, S. Botha, J. Schuster, N. du Plessis, B. van **Rensburg**, **P. du Plessis**, D. de Wet, P. Louw, B. Verster.



**Die stelskoppe, waaraan Schalk van der Merwe so hard oefen, is more een van die sleutelfaktore in die intervarsitybotsing teen Kovsies. Vroeër vanjaar het die Pukke reeds 'n belangrike wedstryd, nl. teen Natal, as gevolg van stelskopwerk verloor. Verskeie skoppers is dan ook al vanjaar op die proef gestel en deesdae is dit Van der Merwe se taak. Tydens die Theos se laaste wedstryd teen R.P.M., was sy stewel egter in die kol en het hy vir vyftien punte gesorg. Indien Van der Merwe nie more die mas kan opkom nie, kan Charles Venter ook maar 'n paar skoppe probeer, maar Venter het vanjaar nog nie veel sukses behaal nie.**
**(Foto: Ben van der Walt)**

## THEOS GAAN VERLOOR SÊ STATISTIEKE

**STATISTIEKE voorspel niks goeds vir die Theos môre nie. Môre is die dertigste intervarsitybotsing tussen hierdie twee universiteite, sedert 1927, en die Pukke kon nog net tien keer die oorwinning behaal.**

Ukovs het reeds sewentien keer baasgespeel, terwyl twee botsings gelykop geëindig **het. Dit was in** 1965 op Olënpark en in 1968 in **Bloemfontein.**

Die eerste intervarsitybotsing het in 1927 plaasgevind en **toe het** die Pukke verloor. Die telling was 6—4. In 1938 het die **Pukke egter** die tweede botsing gewen en sedert 1943, het intervarsity met Ukovs 'n gereelde instelling geword.

Bloemfontein is ook glad nie juis 'n gelukkige veld vir die Theos nie. Van die veertien keer dat ons daar gespeel het, kon die Pukke nog net vier botsings wen. Ukovs daarenteen, het reeds 8 van die vyftien botsings op Olënpark gewen.

Die grootste drag slae wat die Pukke op die lyf geloop het, het hulle dan ook op Olënpark gekry. In 1963 het Ukovs met 28—5 gewen en vergoed vir die **neerlaag van** 11—0, wat hulle op dieselfde veld in 1961 gely het. Dit is ook die grootste drag slae wat die Vrystaters nog gekry **het**.

Môre se intervarsity is seker een van die omvangrykste botsings wat nog plaasgevind het. 'n Rekordgetal van negentien rugbyspanne neem aan môre se botsing deel en altesaam twaalf sportklubs stuur spanne na Bloemfontein.

Vanjaar is ook die eerste keer dat die dames op koshuisvlak meeding en agt koshuisspanne neem aan vanjaar se botsing deel. Vier hiervan is hokkiespanne en vier is netbalspanne.

## Wat sê die kenners

**DIE MANNE is reg en die massa sal nie môre teleurgestel word. Ons gaan speel volgens die potensiaal van die span, en wie ook al wen, 'n goeie wedstryd word verwag. Dit is die mening van Jimmy van Rensburg, Theos se kaptein, oor môre se groot wedstryd. Hy is maar een van die enkele kenners wat die Wapad die afgelope week genader het.**

Gerhard Groenewoud, sportredakteur van die Irawa, is vol moed vir die Kovsies. „Alhoewel die manne vanjaar nie so goed gevaar het nie, is die Shimlas vanjaar baie meer afgerond, as verlede jaar", sê hy.

Mnr. Andrew Bird, afrigter van die Theos, verwag 'n baie harde stryd. „Die Kovsies het 'n goeie span en dit sal meer as elke Puk se allerbeste kos om hulle te wen. Hulle kan egter geklop word, maar ons moenie te veel waarde heg aan ons oorwinning in Salisbury nie".

Prof. Hennie Coetzee, president van die P.U. Rugbyklub, verwag ook 'n baie taaie wedstryd. Volgens hom is Ukovs 'n vasberade span, wat verlede jaar se neerlaag wil wreek en boonop vertoon hulle sterker op papier. Die Pukke kan egter met die nodige geesdrif en samespel die knoop **deurhak**.

Oom Piet Malan is ook baie beindruk met die Kovsies se rugbykrag. „Die Pukke is 'n baie ligter span as die Vrystaters en die Pukke sal hulle uiterste bes moet doen om hulle te wen. Elkeen sal moet verdedig soos hy nog nooit tevore gedoen het".

**DIE BULT DROOGSKOONMAKERS**
**Spesiale diens**
**Voor 12 vm. dieselfde dag**
Kollektante in koshuise

**KOLLEGE DIENSSENTRUM**
**Studente ! !**
**Julle ken almal**
**Oom Chris Coetzee**

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*

**GOEIE KOS !**
**FLINKE DIENS !**
**u tevredenheid is ons PLESIER !**
**BAILIEPARK PADKAFEE**
**(Langs die Johannesburg-pad geleë).**
Besit ook dranklisensie
Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag na koshuisvergaderings
**Tel. 6670**
